

Sondag, 11 Julie 2021
Fokusteks: Efesiërs 1:3-14

Toe ek in standerd 5 (graad 7 vandag) was, het die meneer my voor in die klas laat sit. Nie omdat ek stout was nie, maar ek kon nie meer goed sien op die swartbord nie. Die skrif het onduidelik en uit fokus geword. Ek moes nader sit om beter te kon sien. Die uiteinde was dat ek 'n bril moes kry om my visie weer skerp en duidelik te kry. Deur die jare het my sig geleidelik swakker geword, dan moet die oogkundige my oë weer toets en die voorskrif aanpas sodat ek weer helder kan sien.

Ek glo dat God ook 'n duidelike visie en droom vir die wêreld het. Ons noem dit die "Koninkryk van God." Dit is nie 'n geografiese gebied wat jy op 'n wêreldkaart kan plot nie. Veel eerder is dit 'n gesindheid van die hart en 'n beweging van die Gees. Dit bestaan uit mense wat mekaar liefhet en kan vergewe as daar verkeerd teenoor mekaar opgetree is. Hulle kan selfs hul vyande vergewe. Hulle is ingestel op die belange van die ander een. Hierdie koninkryk is oral. Dit bestaan uit mense wat deur God begenadig is. Hulle het sy liefde, vergifnis en genade as geskenk ontvang. Daar is nie 'n aansluitingsfooi wat jy moet betaal om daarvan deel te wees nie - daar is reeds daarvoor betaal deur die bloed van Christus. Hulle kom uit alle volke en tale. Daar is geen rassediskriminasie nie. Hulle is een volk van God met een Hoof, Jesus Christus, en deur die Gees ontvang hulle al die seëninge wat daar in die hemel is. Ek en jy is deel daarvan! Die Here het ons in Christus as sy kinders aangeneem en Hy versorg ons met sy omvattende liefde. Ons ontvang net die beste!

vers 3 - Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

Maar ek vrees ons is dikwels bysiende. Ons kan baie goed raaksien wat hier naby en rondom ons gebeur. Dis nie altyd 'n mooi prentjie nie. Die vrees en kommer, die woede en konflik, trek ons aandag van God se koninkryk af. Dit verswak ons geestesoë, sodat God se droom vir hierdie wêreld uit fokus raak. Ons sukkel om ver te sien, verby die naby-dinge en uitdagende omstandighede. Soos Petrus van ouds, toe hy op die see na Jesus loop, haal ons die oë van Jesus af en kyk net sover as die stormagtige branders wat dreig om ons lewensbestaan te vernietig. Hoe kan ons visie gekorrigeer word? Hoe kan ons verder kyk as hier by ons?

Baie van julle ken die prosedure wanneer 'n oogkundige 'n oogtoets doen. Onder andere word 'n indrukwekkende instrument met 'n ewe indrukwekkende naam, *phoropter*, gebruik. Dit is 'n yslike bril waardeur jy na letters en figure op 'n bord kyk. Die oogkundige kan vinnig lense wissel totdat jy uiteindelik baie skerp en duidelik kan sien. Daarvolgens word jou nuwe voorskrif bepaal.

Ons teksgedeelte plaas as't ware een na die ander lens oor ons geestesoë sodat ons weer God se visie en droom skerp en duidelik kan waarneem. Hierdie "lense" is niks anders as die seëninge waarna vers 3 verwys en wat dan verder uitgespel word.

Die eerste lens wat voor ons oë geplaas word is ons **verkiesing** en **kindskap** (v.4-6). Ons verkiesing as kinders van God moet teen die agtergrond van die Ou Testament gelees word. God het Israel as sy volk gekies en hulle met liefde gelei en versorg. Dit was 'n spesiale verhouding waarin Hy sy trou gewys het deur hulle te red van slawerny en bevryding gegee het. Uit dankbaarheid moes hulle Hom eer met gehoorsaamheid en toewyding. Deut.7:6-9 beskryf hierdie verhouding baie mooi. Let op hoe God se genade beklemtoon word.

⁶ *Jy is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.*

⁷ *"Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.*

8. *Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.*
9. *"Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooië gehoorsaam.*

Net so verstaan Paulus dat die nuwe volk van God, wat uit die Jode, sowel as die heidene kom, onder die genadige trou van God leef. Hulle is *in Christus verlos*, d.w.s. God bewys sy liefde deur verlore mense alleenlik uit vrye guns te red en Syne te maak. Ons word nie deel van sy koninkryk deur ons goedheid nie, maar deur die goedheid van God.

Wat is die doel van my verkiesing as kind van God? Ons is gekies *om heilig en onberispelik voor Hom te wees* (v.4). Wat beteken dit prakties? *Heilig* beteken dat ek vandag iets van God sal uitstraal. Miskien het iemand anders vandag nodig dat jy iets van die Here se liefde en genade vir hom of haar wys. Dalk 'n gebed, 'n bemoedigende woord. Miskien moet jy vandag iemand vergewe, soos God jou vergewe het, sodat jy en die ander een weer vry kan wees.

Onberispelik beteken om te leef soos wat God van jou verwag. Dit is om healtyd bewus te wees van die feit dat ek in sý teenwoordigheid lewe, en dat my dade moet bewys dat God in my lewe teenwoordig is. Onberispelik is om te wys dat God se liefde in jou hart is.

Die tweede lens wat voor ons geplaas word is ons *redding* en *deel wees van God se familie* (v.7-12). In die tyd waarin Paulus skryf, het 'n wet gegeld dat 'n slaaf of krygsgevangene vrygekoop kon word deur 'n bepaalde bedrag te betaal. Vir Paulus is Jesus se sterwe aan die kruis die losprys wat betaal is om ons van die sonde en dood te bevry. Ons lewe sou eindig in die dood, maar die bloed van Christus het ons vrygekoop tot die ewige lewe. Daar is reeds vir die sonde en oortredinge betaal. Maar om vrygekoop te wees beteken nie dat jy maar kan wegstap en uit die oog verdwyn nie. 'n Slaaf word vrygekoop van sy eienaar, maar dan word hy die eiendom van sy nuwe eienaar. Hy is nou in diens van sy nuwe eienaar. Dus, ons is losgemaak van die bande van sonde en dood, en ons is weer vasgebind, maar hierdie keer is die binding een van liefdevolle versorging. Ons deel in al die voorregte van ons nuwe woning.

Ons is nie net gered uit die dood nie, maar ons is ook deel van 'n nuwe familie. Paulus se lesers is goed bekend met die Romeinse praktyk van die aanneming van kinders. Dit het algemeen in die eerste eeu voorgekom. Sulke kinders het al die voorregte van die huishouding ten volle geniet. Daar was nie onderskeid tussen so 'n kind en 'n biologiese afstammeling nie. So was dit God die Vader se begeerte om ons as sy kinders aan te neem en te laat deel aan al die seëninge wat deur die Gees aan ons geskenk word. 'n Aangenome kind het dit so verduidelik: *"Ek is 'n aangenome kind. Weet julle wat is die verskil tussen 'n aanneming en 'n geboorte? My twee broers het in my ma se baarmoeder gegroei, maar ek het in my ouers se hart gegroei. Daarom is ons drie ewe spesiaal vir hulle."* Die Vader het die losprys met die bloed van Christus betaal. Dit is 'n bewys van die feit dat ons in sy hart gegroei het!

Die derde lens is die *seël* en *waarborg van die Heilige Gees* (v.13,14). Hier is twee bekende beelde uit die leefwêreld van daardie tyd. Die beeld van die seël kom van die gebruik om 'n dokument se egtheid te verseker. 'n Hooggeplaaste amptenaar sal sy seël op 'n dokument afdruk om dit te waarmerk. So 'n seël is aan 'n vinger gedra of as 'n bandjie om die nek. Was word dan gesmelt en gedrup op die dokument, waarna die seël daarop afgedruk word. Die ontvanger van die dokument weet dan dat die dokument eg en waar is. Die inhoud daarvan kan vertrou en geglo word. Dit word nou van toepassing gemaak op diegene wat tot geloof in Jesus kom. Die Gees bevestig hulle as die eiendom van God.

Die Heilige Gees word hier ook die *waarborg* genoem. Hierdie begrip kom uit die ekonomiese en handelswêreld. 'n Koper kon 'n transaksie beklink deur solank die eerste paaïement op die goedere te betaal, amper soos 'n soort deposito. Daardeur het hy homself onder die verpligting gestel om ook die res van die paaïemente te betaal. Die eerste paaïement is dus die waarborg dat die ander ook betaal sou word. Toegepas op die gelowiges in daardie gemeente beteken dit dat God hulle wil verseker van die feit dat hulle reeds sy verlossing ontvang het. Die kruisdood van Jesus is die "eerste paaïement." Dit wat nog uitstaande is, naamlik die weerkoms van Jesus en die finale verlossing van hierdie gebroke wêreld, sal nog in die toekoms "uitbetaal" word. Die nuwe stad sal daar wees, en die Vaderhuis met sy baie wonings. Ons kan God volkome daarvoor vertrou!

Ons, as die kerk van Christus, kan geloofsmoed skep in dit wat God vir ons in Jesus gedoen en beloof het. God het aan ons al die gawes van die Gees geskenk om sy kerk te wees. Let wel, hierdie kerkgemeenskap is oop. Dit sluit nie mense uit op grond van sosiale status of rasseskeiding nie. Daar is hoop vir die ellendigste mens, omdat ons nie deur verdienste gered word nie, maar deur die genade van God in Christus. Die kerk bestaan uit 'n klomp "Godsvertrouers." Ons vertrou die Here met ons lewens - vandag en ook vir die toekoms.

Wat moet ons, die kerk, se reaksie wees? Lees weer vers 3: *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!* Daarna kom daar drie keer die oproep om God te prys (vv.6, 12, 14). God is lofwaardig omdat Hy al hierdie dinge tot stand gebring het en al die gawes van die Gees aan ons geskenk het. Juis om hierdie rede moet ons Hom onophoudelik prys! Dink vandag aan daardie een ding waarvoor jy die Here baie dankbaar is, en prys Hom daarvoor.

Dis darem maar lekker as jy na 'n paar jaar weer 'n nuwe bril kry. Alles rondom jou lyk weer helder en in fokus. Mag die seëninge van God die lense wees wat jou geestesoë help om God en sy reddende teenwoordigheid helder en duidelik te sien.

Seëngebed (aan die hand van Efesiërs 1:17-19)

Ek bid dat die God van ons Here Jesus Christus,
die Vader aan wie die heerlikheid behoort,
deur sy Gees aan julle wysheid gee
en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.
Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder
dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou,
en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het,
en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.
Amen